ENKELE PASTORALE MERKERS RAKENDE DIE IMPAK VAN BOELIE OP KINDERS EN ADOLESSENTE

Opsomming

In hierdie artikel word gefokus op die vernietigende effek van boelie op die emosionele, geestelike en fisiese dimensies van die slagoffer. In talle gevalle het dit bygedra tot die verplettering van die ideale en drome van kinders en hul ouers. Die statistieke, omvang en aktualiteit van hierdie saak kom aan die orde asook belangrike eiesoortige definiërings soos '*kuberboelie'*, '*kuber treitering'* en '*Internet troll*'. Die belangrike verskuiwing die afgelope aantal jare vanaf fisiese boelie na kuberboelie word uitgelig asook die feit dat kuberboelie gaandeweg by al jonger kinders aan die orde is. Redes waarom sekere kinders kwesbaar is asook tipiese kenmerke, simptome en gevolge van boelie word bespreek terwyl die belangrikheid van 'n gestruktureerde anti-boelie program by skole ook aan die orde gestel word met besondere verwysing na die bekende model van Dan Olweus. Ten slotte is die fokus op 'n aantal belangrike pastorale perspektiewe wat deel moet wees van 'n holistiese strategie vir die toerusting van kinders en jongmense. Aspekte wat hier belangrik is, is die kind se identiteit in Christus; die konsep van Bybelse grense; 'n lewe van diensbaarheid teenoor medemense; kommunikasie- en verhoudings-vaardighede; Bybelse beginsels van beplanning en strategie; die goue reël van Mat 7:12 asook die koestering van empatiese vermoëns.

Abstract

This article focuses on the destructive effect of bullying on the emotional, mental and physical dimensions of the victim. In many cases it has contributed to the devastation of the ideals and dreams of children and their parents. The statistics, scope and actuality of this issue are discussed as well as important distinct definitions, such as '*cyberbully*', '*cyber stalking*' and '*Internet troll*'. The significant shift over the last few years from physical bullying to cyberbullying is highlighted, as well as the fact that the age of children involved in cyberbullying is gradually becoming younger. Reasons why certain children are

vulnerable, as well as typical characteristics, symptoms and consequences of bullying are explained. In this regard the importance of a structured anti-bullying program at schools is emphasized with particular reference to Dan Olweus's well-known model. Finally, the focus is on a number of important pastoral perspectives that should be part of a holistic strategy in equipping children and young people. Aspects applicable here are the child's identity in Christ; the concept of Biblical boundaries; A life of service to fellow human beings; communication and relationship skills; Biblical principles of planning and strategy; the Golden Rule of Mat 7:12 as well as the nurturing of empathetic abilities.

1. Inleidende perspektiewe

Boelie kan inderdaad beskryf word as die verwoester van kinders en jongmense se drome – en dan ook die drome wat sulke kinders se ouers vir hul kinders gehad het. Met ontstellende reëlmaat is hierdie tema besig om voorblad opskrifte te haal waar die tragiese gevolge van verwoeste jong lewens herhaaldelik beskryf word. Verskeie leerders het al landwyd in Suid-Afrika gesterf nadat medeleerlinge hulle aangeval het. Deel van hierdie tendens is ook die toename in molestering en selfs verkragting deur skoolkinders, dikwels ook op skoolterreine (Salzwedel, 2009:94).

In 2009 het vier oudleerlinge van die Helpmekaar Hoërskool in Johannesburg in die hof verskyn weens die beweerde aanranding van ‘n 15-jarige seun. In 2008 was daar die tragiese swaardmoord by die Hoër Tegniese Skool Nic Diederichs in Krugersdorp. Die 16-jarige Jacques Pretorius het in die aanval gesterf en twee werkers en ‘n skoolseun is gewond. Die aanvaller, Morné Harmse (18) se ouers het in ‘n verklaring aan ‘n dagblad die volgende gesê:

> *"Because of Morné's physical build, he was often belittled during his formative years. Where we could, we stood up for him and spoke to the bullies involved, but also accepted it as part of life... we never realised the true impact that the physical and emotional abuse had on him. He explained to us that he felt so powerless and worthless that he wanted to make a stand"* (Anon, 2008).

Daar is min dinge wat vir ‘n kind erger kan wees as boelie. Boelie kan gelukkige kinderjare steel en die daaglikse ervaring van skool verander in ‘n mynveld waardeur hierdie kind moet navigeer. Trollinger (2011) stel dat outoriteite in die VSA reeds vir baie lank bewus was van die probleem rondom boelie en aggressie. Dit was egter eers met die skiet insidente by die Columbine skool in Colorado op 20 April 1999 waar 15 leerders dood is dat hierdie kwessie sedertdien meer ernstig benader is. Dit was een van die eerste ernstige insidente waar dit agterna duidelik geblyk het dat boelie die aanleidende oorsaak was van die geweld wat toe gevolg het (Trollinger, 2011:80).

2. Fokus en basiese vertrekpunte

Teen bovermelde agtergrond is die basiese probleemstelling wat in hierdie artikel ondersoek word die volgende: Wat is sommige van die mees pertinente emosionele, fisiese en geestelike implikasies van boelie op kinders en jongmense, en in watter mate kan algemene praktiese en pastorale insette ‘n verskil maak? In die lig hiervan word daar vervolgens gelet op die historiese aanloop, aktualiteit en statistieke rakende hierdie tema, belangrike definiërings, tipiese teikens en hul kenmerke, die gevolge van boelie en ten slotte ‘n aantal praktiese en pastorale riglyne.

3. Historiese aanloop

Dit was maar eers gedurende die vroeë sewentiger jare dat daar begin is met gefokusde akademiese navorsing rondom hierdie tema. Die mees bekendste navorser in hierdie verband is Dan Olweus (vgl. Olweus, 1997, Solberg & Olweus, 2003). Gedurende die aanvanklike fase was navorsing rondom hierdie tema grootliks beperk tot die Skandinawiese lande. Gedurende die tagtiger en negentiger jare het die verskynsel van boelie egter onder owerhede se aandag begin kom in verskeie ander lande soos Japan, Engeland Nederland, Australië, Kanada en die VSA. Tans is dit ‘n tema wat globaal onder die soeklig is (Limber, 2011:71).

Na aanleiding van die publieke tragedie van die selfdood in 1983 van drie adolessente seuns in Noorweë as gevolg van aanhoudende boelie deur maats, het die Noorweegse Ministerie van Opvoeding ‘n nasionale veldtog geloods om boelie in skole teë te werk. Dit was binne hierdie konteks dat die *Olweus Bullying Prevention Program* (OBPP) ontwikkel

is (Olweus, 1997:496). As deel van hierdie program het meer as 130,000 leerders tussen die ouderdomme van 7 en 16 jaar die *Olweus Bully/Victim Questionnaire* voltooi. Die resultate het daarop gedui dat 15% van alle leerders in daardie land al by afknouery betrokke was, hetsy as ‘n boelie of as ‘n slagoffer (vgl. Roodt, E. & Greeff, 2012:689) Hierdie program (OBPP) het uiteindelik ontwikkel tot een van die mees gesaghebbende, deeglik nagevorsde en beproefde programme tot op hede.

4. Statistieke en omvang

CovenantEyes (2013:4) is ‘n organisasie wat wye navorsing doen rondom die tema van pornografie en boelie gekoppel aan die Internet. Hulle stel ook effektiewe programme en riglyne beskikbaar vir ouers en kerke. In hul navorsing rondom kuberboelie het die resultate op die volgende gedui:

- 88% van tieners wat gebruik maak van sosiale media het **by geleentheid** waargeneem hoedat daar soms wreed en gemeen gereageer word via sosiale netwerke.
- 12% het aangedui dat hulle **gereeld** wrede en gemene gedrag waarneem.
- 15% het aangedui dat hulle persoonlik kuberboelie ervaar het gedurende die voorafgaande 12 maande.

In die lig van die 88% wat by geleentheid waargeneem hoedat ander wreed en gemeen kan wees op sosiale netwerke, beklemtoon *CovenantEyes* (2013:9) die belangrikheid dat kinders onderrig sal word oor hoe om teenoor boelies op te tree – hetsy of dit gaan om ‘n aanval op die kind persoonlik of op ‘n vriend(in). Die volgende persentasies het na vore gekom rakende die reaksies van tieners wat wrede en gemene gedrag op sosiale netwerke waargeneem het:

- 74% het dit bloot geïgnoreer.
- 79% het nooit self betrokke geraak in die aksie van boelie nie.
- 9% het deelgeneem aan die aksie van afknou en boelie.

Ongeveer 50% van die 1089 jongmense vanaf 11-25 jaar wat betrek is by ‘n ondersoek deur die organisasie *Safety Net* in 2018, het aangedui dat hulle dreigemente of gemene boodskappe ontvang het via sosiale media, e-posse of SMS’e – soos berig deur *BBC Technology* (Anon, 2018).

Volgens die navorsing van Boyd (2012:77) is gevind dat onderwysers slegs by 14% van gevalle van boelie in die klaskamer betrokke raak. Betreffende gevalle buite die klaskamer raak hulle slegs betrokke by 4% van gevalle. In vier uit vyf gevalle van boelie by die skool is daar ander leerders wat dit waarneem. In 75% van hierdie gevalle raak hulle op een of ander wyse betrokke daarby.

5. Aktualiteit binne Suid-Afrika

Wat Suid-Afrika betref is kuberboelie aan die toeneem volgens Payne en Van Belle (2017). Dit maak ongeveer een derde uit van alle gevalle van boelie wat aangemeld word. Uit hierdie ondersoek blyk dat 88% van leerlinge reeds ‘n selfoon besit en in die geval van 82% het hulle toegang tot die Internet, ongeag of hulle vanaf lae, middel of hoë inkomste groepe is. Die persentasie wat toegang tot die Internet gehad het, het ook gedurende die voorafgaande drie jaar verdubbel. Verder is dit so dat breëband Internet voorsiening stelselmatig al goedkoper in Suid-Afrika raak, veral ook met die installering van ondersese optiese vesel kabels.

In ongeveer 50% van gevalle het geblyk dat die oortreders vanaf dieselfde skool was. Payne en Van Belle se navorsing toon verder aan dat die hoogste voorkoms van viktimisering onder leerders in Gr 6 en 7 (12- en 13-jariges) aangetref word.

Huddleston (2015:100) gee ook insiggewende statistieke betreffende die situasie in Suid-Afrika rondom boelie oor die algemeen:

- 68% van leerders ervaar bekommernis oor die moontlikheid van fisies seergemaak te word of gedreig te word met ‘n wapen by die skool.
- 52% van leerlinge het aangedui dat boelie by hul skool impliseer om geterg en beledig te word terwyl 26% aangedui het dat dit gekarakteriseer word deur rondstampery, geklap of geslaan te word.
- Wat kuberboelie in besonder betref, gee Huddleston die volgende syfers:

- Ongeveer 40% van leerders het dit self reeds ervaar.
- Ongeveer 70% van kuberboelies het erken dat hulle self aanlyn geboelie is.

Volgens ‘n studie wat deur die Universiteit van die Oranje Vrystaat gepubliseer is (Hammond, 2012), het meer as 32% van die leerders aangedui dat hulle by geleentheid deur ‘n ander leerder geslaan is. Die meeste het gesê hulle word geteiken in skoolbusse en taxi’s op pad skool toe of in die skool toilette. Ander word weer deur onderwysers afgeknou. Volgens die studie het 50% van die onderwysers erken dat hulle hul studente fisiek aangerand het, 6% van die onderwys kader het erken dat hulle ten minste een keer per maand skuldig is aan ‘seksuele afknouery’.

Kinders in regering skole blyk ook die mees kwesbare te wees omdat onderwysers soms geneig is om die probleem te ignoreer. Navorsing het aangetoon dat in 40% van gevalle onderwysers by hierdie skole net sal wegstap vanaf sulke situasies, en dit impliseer kondonering (Lo, 2012). Hiermee saam gaan die probleem rondom administratiewe rompslomp (*red tape*) wat deesdae deel is van die prosedure van dissiplinering van leerlinge. Dit gee aan onderwysers die gevoel van ontmagtiging (*disempowered*) en hulle sal gevolglik eerder deur middel van verbale aanvalle (of selfs fisies) die oortreders probeer beheer. Dit dra dan uiteraard met verder by tot die bose sirkel van boelie (Lo, 2012).

Khan (2017:26) wys op ‘n wêreldwye opname wat deur *Vodafone* gedoen is. Hieruit het geblyk dat daar ‘n voorkoms van 24% van Internet gebruikers is wat betrokke raak by kuberboelie in Suid-Afrika – dit plaas ons land vierde op ‘n wêreld ranglys.

.

6. Belangrike definiërings

Met betrekking tot die tema van boelie is die volgende definiërings belangrik.

6.1 Boelie

Boelie oor die algemeen, word as volg beskryf:

- Dit gaan oor aggressiewe gedrag wat voorkom wanneer ‘n kind geteiken word deur een of meer kinders deur herhaalde negatiewe aksies oor ‘n periode van tyd. Hierdie is doelbewuste pogings in ongemak of besering te veroorsaak en kan

aspekte insluit soos byname (*name calling*), gesigte trek, obsene tekens, kwaadwillige terg, uitsluiting, dreigemente, gerugte, fisies te slaan, te skop, rond te stamp en te verwurg (Mental Health America, 2018).

- Boelie is ‘n vorm van aggressiewe gedrag waarin iemand opsetlik en herhaaldelik leed (*injury*) of ongemak (*discomfort*) aan ‘n ander persoon veroorsaak (*American Psychological Association*; vgl. Lee, 2018).
- ‘n Leerling word geboelie of geviktimiseer wanneer hy/sy herhaaldelik en oor tyd blootgestel word aan negatiewe aksies deur een of meer ander leerlinge. Met negatiewe aksies word bedoel optredes waardeur daar opsetlik besering of skade toegedien word (of gepoog word om dit te doen) aan iemand anders (Olweus, 1997:496).

6.2 Kuberboelie

Dit word as volg gedefinieer en omskryf:

- ‘n Kuberboelie is iemand wat digitale media gebruik om met opset valse, vyandige en vernederende informasie aangaande ‘n spesifieke persoon te kommunikeer (Chapman & Pellicane, 2014:152).
- Kuberboelie impliseer die gebruik van e-posse, SMS’e (*instant messaging*), kletskamers (*chat rooms*), ‘*pagers*’, selfone, tablette, sosiale media platforms en ander vorme van informasie tegnologie om opsetlik ‘n spesifieke persoon te treiter, dreig of intimideer (Huddleston, 2012:37; 2015:94).
- Anders as in die geval van fisiese boelie waar ‘n sterker en groter kind gewoonlik ‘n swakker kind domineer of straf, kan kuberboelie deur ‘n swakker persoon gedoen word wat skuil agter die veiligheid van ‘n rekenaar en die Internet. Anders as in die geval van fisiese boelie kan ‘n kuberboelie basies ook anoniem bly deur byvoorbeeld ‘n tydelike epos rekening te gebruik, skuilname wanneer hy/sy in kletskamers (*chatrooms*) betrokke raak of SMS boodskappe stuur. Die oogmerk is byna deurgaans om die slagoffer te verneder (Hart & Hart Frejd, 2013:122).

6.3 Kuber treitering (*cyberstalking*)

Hierdie frase beskryf in die algemeen die gebruik van die Internet, e-posse, of ander elektroniese kommunikasie toestelle om iemand anders mee te treiter. Die treitering impliseer gewoonlik een of ander vorm van teistering en bedreigende gedrag. Dit word oor en oor herhaal en in sommige gevalle het dit daartoe gelei dat die slagoffer sy/haar eie lewe neem (Hart & Hart Frejd, 2013:120).

6.4 Internet '*troll*'

'n Internet 'troll' word beskryf as iemand wat deel word van 'n diskussie en dan kommentaar lewer (ook kommentaar plaas op individue se web profiele) met die doel om te ontstel en die gesprek te ontwrig. Heel dikwels blyk dat daar geen sinvolle oogmerk agter hul kommentaar is nie, behalwe om elke ander betrokke persoon te ontstel. 'Trolls' sal leuens kwytraak, aspekte oordryf en aanstoot gee ten einde reaksie te ontvang (Huddleston, 2015a: 94).

7. 'n Verskuiwing na kuberboelie

Vanuit die navorsing blyk dat daar gaandeweg 'n verskuiwing plaasvind vanaf tradisionele fisiese boelie na kuberboelie. Vanuit 'n ondersoek gedurende 2015 met 28,104 adolessente (grade 9-12) by 58 hoërskole in die VSA het geblyk dat in 50.3% van gevalle die slagoffers geboelie is op beide die areas van die Internet en in fisiese verhoudings (Waasdorp & Bradshaw, 2015:483).

Navorsing deur die anti-boelie organisasie, *Ditch the Label,* met 10,000 jongmense tussen die ouderdom van 12-20, het bevind dat sosiale media geneig is om jongmense meer angstig te maak (Wakefield, 2017). Ongeveer die helfte (47%) het aangedui dat hulle geensins enige negatiewe aspekte rondom hulle lewe op sosiale media sal bespreek nie en gevolglik bied meeste eintlik maar 'n kunsmatige weergawe van hul lewens op sosiale media. In hierdie verband maak Liam Hackett, die hoof van *Ditch the Label*, die volgende belangrike stellings:

> *"There is a trend towards people augmenting their personalities online and not showing the reality. Cyber-bullying continues to be one of the biggest*

challenges facing young people. Not only is the internet redefining the climate of bullying, but also it is having clear impacts upon the identity, behaviours and personality of its young users" (Wakefield, 2017).

7.1 Die bydraende rol van 'anonimiteit' op die Internet

Kinders kan soms die ergste dinge via die Internet aan iemand anders sê sonder om noodwendig altyd die volle impak van hulle woorde te besef. Dit hou in 'n groot mate verband met die feit dat hulle nie fisies die ander persoon in die oë kyk op daardie oomblik nie. Chapman en Pellicane (2014:77) verwoord hierdie aspek as volg:

"One of the problems with technology for kids is that the screen allows an anonymity that can cushion the user from suffering any consequences."

Kinders kan op hierdie wyse hul woede en frustrasie op ander projekteer omdat hulle onder 'n skuilnaam die ergste uitlatings kan maak maak en al wat hulle daarna doen is "*... to hit the send button."*

7.2 Kuberboelie begin al vroeër

In Engeland het die NSPCC (*The National Society for the Prevention of Cruelty to Children*) aangetoon dat kinders so jonk as 5jr reeds op sosiale media betrokke is en dat een uit drie reeds die slagoffer was van kuberboelie. Een van hierdie slagoffers was Elle Trowbridge, 'n 16-jarige meisie van County Tyrone, wat haar eie lewe geneem het in April 2017 nadat sy reeds vanaf 'n vroeë ouderdom getreiter is deur kuberboelies. Haar ma het aan BBC gesê dat sy nie wil hê dat enigiemand anders moet ervaar dit wat hulle as gesin deurgegaan het nie (BBC News, 2017).

Chapman en Pellicane (2014:153) wys op 'n uitspraak deur Parry Aftab wat aan die hoof is van *Wiredsafety.org,* dat hulle vind dat kuberboelie reeds in Gr 2 voorkom aangesien kinders op 'n al vroeër ouderdom aan mekaar begin boodskappe stuur deur interaktiewe webbladsye.

8 Tipiese teikens en hul kenmerke

Boelies is geneig om hul visier te rig op kinders wat oor die algemeen oor tipiese kenmerke beskik wat geneig is om die aandag te trek. Voorbeelde soos die volgende is hier van toepassing.

- *Diegene wat beskou word as anders as hul maats* – hetsy wat ras betref, klere, liggaamsgrootte, gestremd (verstandelik en/of fisies), spesiale onderwys, sosio-ekonomies, vanuit ‘n besonder arm of ryk ouerhuis (in vergelyking met die res van die klas), godsdienstige andersheid, depressief, minder populêr of nie in staat om met maats oor die weg te kom nie, kinders uit gesinne waar daar bankrotskap, tronkstraf, egskeiding, ens. was, kinders met ‘n vreemde of snaakse naam of van, kinders wat anders lyk in voorkoms, byvoorbeeld bril dra, rooi hare het, oorgewig of te maer is of ander fisiese gebreke het (Mental Health America, 2018; Seale, 2013:71).
- *Kinders wat skuif na ‘n nuwe skool* – So ‘n kind is oor die algemeen baie kwesbaar aangesien hy/sy aanvanklik nog nie deel van ‘n vriendekring en ondersteuning struktuur by die skool is nie (Kriek, 2018:10).
- *Die akademies skrander of swak kind* – Omdat sy/haar prestasies nie deel van dié van die gemiddelde groep is nie kan dit by geleentheid jaloesie of veragting tot gevolg hê by ander kinders (Kriek, 2018:10)
- *‘n Gebrek aan sosiale probleem oplossing vaardighede* – Kriek (2018:11) wys op ‘n studie waarin gefokus is op die resultate van 153 studies die afgelope 30 jaar wat aangetoon het dat die hoof risiko faktore vir kinders en adolessente om geboelie te word verband hou met ‘n gebrek aan sosiale probleemoplossing vaardighede.
- *Kinders wat angstig voorkom, onseker, hulpeloos en met ‘n swak selfbeeld* - Sterker kinders kan gewoonlik aanvoel wanneer ‘n ander kind swak en onseker voel (Anon, 2011; Donnelly, 2014:73).
- *Jonger en kleiner kinders* – Olweus (1997:498) se navorsing het aangedui dat jonger en kleiner leerders in ‘n groter mate kwesbaar is vir boelie.
- *Die LGBTQ kategorie* - Jongmense wat in mindere of meerdere mate getipeer sou kon word as deel van die sogenaamde LGBTQ groep (*lesbian, gay, bisexual, transgender* en *queer*). Ondersoeke het aangetoon dat tot 85% van hierdie jongmense

aangedui het dat hulle verbaal getreiter was en 40% fisies aangeval (Mental Health America, 2018).

9. Redes waarom kinders kwesbaar is

Binne enige strategie sal dit belangrik wees om kennis te neem van die belangrikste faktore wat bydra tot kinders se kwesbaarheid. In hierdie verband is aspekte soos die volgende belangrik.

- *Verslawing aan Internet* - Die organisasie *Safety Net* het gedurende 2018 ‘n navorsingsprojek geloods rondom kuberboelie waarby 1089 jongmense betrek is (tussen 11 en 25jr oud). Een van die respondente het sosiale netwerke beskryf as “*almost like a drug*”. Van die ander jongmense het aangedui dat hulle veroordeel voel en ook minderwaardig indien daar nie genoeg persone is wat hulle ‘*like*’ op hulle profiele nie en indien hulle nie genoeg volgelinge het nie. Verder het geblyk dat diegene wat die meeste ure spandeer op sosiale media, heel dikwels worstel met die swakste selfbeeld, angs en depressie (Anon, 2018). Dit sluit aan by ‘n belangrike aspek wat deur Hoffmann (2013:22) uitgewys word, naamlik dat *“... there was a statistical significance between frequency and cyber victimisation. The conclusion is that users that check communication frequently are at greater risk.”* Diegene wie ook reeds aanlyn geboelie is, sal telkens weer gaan kyk wat nog verder gesê is aangaande hulle op die verskillende platforms. Dit lei uiteraard tot herhalende traumatisering en aftakeling (Anon, 2018).
- *Stil en skaam, met min vriende* - Kinders wat herhaaldelik die slagoffers van afknouery en aggressie is, is geneig om stil en skaam te wees, hulle is nie vergeldend nie en toon ook nie aanmatigende gedrag wat die afknouery ontlok nie. Dit word dan deur die afknouer uitgebuit (Hammond, 2010:68).
- *Depressie* - Vir diegene wat alreeds worstel met ‘n probleem soos depressie kan die stres rondom interaksie via die Internet so ‘n persoon baie maklik tot by ‘n totale emosionele breekpunt bring. ‘n Voorbeeld in hierdie verband is die depressielyer, Charlotte Dawson, wat in 2012 ‘n selfdood poging aangewend het nadat een van haar treiteraars haar aangemoedig het om haarself op te hang. Sy het die selfdood poging

oorleef maar in 2014 is haar liggaam egter gevind in haar woonstel in Sydney na ‘n baie lang stryd met depressie. *“For those already struggling with severe emotional issues such as depression, it doesn’t take much to push them over the edge”* (Huddleston, 2015:99).

- *Vorige onverwerkte trauma en emosionele pyn* – Talle kinders wat geboelie word kom uit ‘n stukkende agtergrond waar daar reeds ‘n geskiedenis van trauma, emosionele pyn en verwerping was sedert kleintyd. Posttraumatiese-stres (PTSD) kan dus reeds aanwesig wees en wanneer daar boelie plaasvind dan kompliseer dit net ‘n reeds bestaande toksiese proses in die brein. (Huddleston, 2015:101). In hierdie verband stel Boyd (2012:x111) dat die ergste gedeelte van die boelie scenario verband hou met die feit dat *“... all the unfinished business from the past emotionally loads the present experience.”*

10. Kenmerke en simptome van die kind wat geboelie word

In die literatuur word ‘n verskeidenheid van simptome en kenmerke beskryf wat baie tipies is by kinders wat geboelie word (vgl. in hierdie verband die volgende bronne: Hoffman, 2013:24; Huddleston, 2015:106; Kriek, 2018:1,10; Leopold, 2013, Seale, 2013:51).

- Een van die eerste tekens is ontkenning.
- Onttrekking van gesin en familie aktiwiteite, geselsies en interaksie.
- Angs dat hulle veiligheid in gevaar kan wees.
- Huiwerig om aanlyn te gaan; senuagtig wanneer ‘n boodskap via Internet deurkom of ‘n SMS of ‘n e-pos.
- Sigbaar ontsteld na ‘n sessie voor die rekenaar, skootrekenaar, tablet of selfoon – of geneig om skielik alle digitale toestelle te vermy.
- Wanneer jy sy/haar kamer instap dan sal hulle vinnig die skerm skoonmaak of die selfoon toe hou - daar is dus ‘n geheimsinnigheid.
- Geneig om veel meer ure aanlyn te spandeer met ‘n baie ernstige gemoedtoon.
- Onttrek vanaf vriende, raak agter met skoolwerk en is geneig om skool te wil vermy.

- Die kind het skielik buierig (*sullen*) en nors geraak, vermy kommunikasie en trek hom/haarself terug met ‘n opvallende verandering van persoonlikheid.
- Slaapprobleme of gereelde nagmerries, verlies van aptyt, gemoedskommelinge, huilerig, oënskynlik depressief en “*a defeated attitude*” (Lee, 2018).
- Onverklaarbare blou kolle, kneusplekke en/of fisiese beserings.
- Besittings wat wegraak of klere wat verniel of besittings wat beskadig is (soos ‘n skooltas, boeke, elektroniese toerusting, ens.)
- Gereeld tuis honger arriveer vanaf die skool omdat die kind nie sy/haar kos/toebroodjies geëet het nie.
- Daar is suspisieuse foonoproepe, e-posse en pakkies wat by die huis arriveer.
- Daar kan ‘n skielike daling in akademiese prestasies wees.
- Die kind kan worstel met dieselfde simptome as diegene wie op die speelgronde of in die klaskamer geboelie word, naamlik lae eiewaarde, frustrasie, woede, depressie, verlies van vriende en uitsluiting uit groepe.
- ‘n Onwilligheid om skool toe te gaan, gereelde hoofpyne en maagpyne, naarheid of die voorgee daarvan.
- Selfbenadelende gedrag soos selfsny of van die huis af wegloop.
- Gedagtes en praatjies oor selfdood of selfs moord.
- Kinders wat geboelie word deur of ‘n broer/suster tuis, of deur iemand by die skool het ‘n 2,7 groter kans tot ongelukkigheid of gedragsprobleme. Wanneer die boelie op beide hierdie terreine plaasvind dan verhoog die kans 14x keer. *“And the point about this is that you don’t have any escape. It’s 24/7”* (Kremer, 2013).
- Die gevolge van boelie word soms saam geneem die volwasse lewe in. Laura is 48 en ‘n alkoholis wie besig is met rehabilitasie. Haar hartseer en trauma dateer terug na boelie in die huis deur ‘n ouer broer.

> *“Laura believes that the bullying in her house happened because her parents failed to intervene, because they were too preoccupied with their own issues. ‘We were so overwhelmed and there was so little adult support to find ways to resolve conflict,’ she says”* (Kremer, 2013).

Daar is hartverskeurende getuienisse van volwassenes wat sê dat hulle vandag siek en depressief is omdat hulle te skaam was om ooit oor boeliery te praat. Party ervaar jare later steeds nagmerries en glo dat hulle vir ewig ‘n swak selfbeeld sal hê. ‘n Man van in die 40 wat aan depressie ly en van een werk na die volgende rondval het in ‘n persoonlike kommunikasie sy gedrag toegeskryf aan jare lange boeliery op skool:

> *“Ek glo vandag dat niemand regtig van my hou nie. Ek sien nou nog die gesigte van die seuns wat my geboelie het en hoor hulle stemme, en ek haat hulle oor wat hulle aan my gedoen het”* (e-pos, 34 Mei 2015).

- Slagoffers is dikwels stil, versigtig en sensitief. Hulle beskou hulself dikwels as mislukkings, voel dom, skaam en onaantreklik.
- Heel dikwels beskik hulle nie oor ‘n enkele goeie vriend(in) in hul klas by die skool nie.
- Normaalweg is hulle nie aggressief en geneig om ander te terg nie. Hulle is oor die algemeen ook negatief ingestel teenoor geweld en die gebruik van gewelddadige metodes.
- Indien dit ‘n seun is dan is hy oor die algemeen fisies kleiner en swakker as ander seuns van sy ouderdomsgroep. Vir so ‘n kind is dit dikwels ook moeilik om homself selfgeldend (*assertive*) te handhaaf teenoor maats.
- Daar is ook ‘n kategorie waarna Olweus (1997:500) verwys as ‘*provocative victims*’. Hulle word gekarakteriseer deur ‘n kombinasie van beide angstige en aggressiewe reaksie patrone. Hulle het dikwels probleme met konsentrasie en reageer op wyses wat irritasie en spanning rondom hulle veroorsaak. *“The dynamics of bully/victim problems in a class with provocative victims differ in part from problems in a class with passive victims”* (Olweus, 1997:500).

11. Die impak en gevolge van boelie

Die impak van boelie kan vernietigend en verpletterend wees, emosioneel, fisies en geestelik. Voorbeelde in hierdie verband is die volgende (vgl. die volgende bronne: Boyd, 2012:xx; Donelly, 2014; Harmon, 2004:7; Khan, 2017; Papas, 2013; Roodt & Greeff, 2012:694):

- Navorsing toon aan dat die ervaring van geweld gedurende die vroeë kinderjare aanleiding kan gee tot ernstige probleme tydens die volwasse jare. Dit kan aspekte insluit soos die volgende:
  - Depressie.
  - Mishandeling van kinders en ‘n eggenoot.
  - Vervreemding van andere.
  - Probleme rondom romantiese verhoudings.
  - Verhoogde substans misbruik.
  - Hoë emosionele vlakke en lae vlakke van uithou vermoë (*resilience*).
  - Kinders wat geboelie is neig om op ‘n vroeër stadium die skool te verlaat.
  - Abnormale seksuele gedrag (masochisties).
  - Verwronge selfbeeld
  - ‘n Vloed van emosies, veral angs en vrees (*terror*).
  - Probleme om ander te vertrou of veilig te voel.
  - Fisiese agteruitgang (*imploding*): die gryp na enige verslawende middel (alkohol, pille, ens.), hoë bloeddruk, migraines, maagsere.
  - Uiterlike oorreaksies (*exploding*): geïrriteerdheid wat lei tot woede uitbarstings.
  - Groeiende pessimisme en ‘n fatalistiese verwagting van toekomstige probleme (*impending doom*).
  - Hiperbedagtheid met ekstreme waaksaamheid en voortdurende monitering van die omgewing.
  - Skrik baie maklik en raak senuagtig wanneer daar harde geluide of vinnige bewegings is (*exaggerated startle response*).
- Om geboelie te wees tydens kinderjare kan ook uitloop op gewelddadige optrede in die latere jare. Navorsing het aangetoon dat dat omtrent alle gevaarlike misdadigers op ‘n vroeë ouderdom gereeld gedreig of gestraf is. In ‘n ondersoek na 37 gevalle

van skietery by skole in die VSA het geblyk dat boelie die aanleidende motief by 18 van hierdie voorvalle was (Kriek, 2018:13). Op 20 April 1999 het Dylan Klebold en Eric Harris by die Columbine High School in Denver, Colorado, ingestap en 15 persone doodgeskiet en 24 gewond. Vanuit ondersoeke het agterna geblyk dat beide Klebold en Harris onderwerp was aan jare se geboelie (Huddleston, 2015:99).

- Sommige slagoffers van tradisionele boelie het mettertyd wraaksugtig geword en later self kuberboelies geword ten einde wraak te neem (CovenantEyes, 2013:3).
- In ‘n artikel op *BBC News* (Anon, 2017b) word gestel dat ‘n probleem rondom die kners van tande by jongmense sou kon dui op die moontlikheid van boelie. Hierdie faktor sou dan weer aanleiding kon gee tot hoofpyne, verweerde tande en ‘n versteurde slaappatroon. Dit blyk ook dat hierdie probleem besig is om toe te neem. Een spesifieke studie met 300 adolessente in Brasilië het aangetoon dat adolessente van 13-15jr wat verbale boelie by die skool ervaar bykans ‘n vier keer hoër risiko loop om snags met hierdie probleem te worstel in vergelyking met die gemiddelde ander adolessent.
- Lee (2018) wys op navorsing wat bevestig dat probleme soos *agoraphobia* (vrees om tussen mense te wees) en paniek steurings grootliks toeneem as gevolg van boelie. *“Mental health issues such as depression, anxiety, and low esteem haunt many adults who were once bullied in childhood.”* Alle boelie insidente binne die skool milieu moet gevolglik ernstig opgeneem moet word aangesien dit een of twee treë is en dan by haat-misdaad (*hate crimes*) te wees.
- Khan (2017:26) wys op die selfdood syfer onder tieners en adolessente wat die hoogte inskiet. Alhoewel kuberboelie nie geheel en al hiervoor geblameer kan word nie, haal hy die volgende uitspraak aan van die *American Academy of Pediatrics:*

> *"... [I]t can increase risk of suicide by amplifying feelings of isolation, instability, and hopelessness for those with existing emotional, psychological, or environmental stressors."*

12. Die belangrikheid van ‘n gestruktureerde anti-boelie program by skole

Die vestiging van ‘n gestruktureerde model waarvolgens die probleem van boelie by ‘n skool aangepak word, is van kritiese belang. Boyd (2012:78) toon in hierdie verband dat waar so ‘n model suksesvol geïmplementeer is, dit die vlakke van boelie met tussen 15-50% laat daal het. Die mees effektiewe inisiatiewe sluit gewoonlik die skoolgemeenskap as geheel in – dit impliseer onderwysers, administratiewe personeel, ouers, leerders en ander belangrike rolspelers binne die gemeenskap.

Goldman (2001:100) gee die volgende algemene praktiese riglyne rakende die skool milieu:

- *Voorsien ondersteuning en modellering*
  Kinders kan nie die probleem rondom boelie hanteer sonder die ferm ondersteuning van hulle volwasse wêreld nie.
- *Handhaaf ‘n geen-boelie beleid*
  So ‘n beleid het geen ruimte vir fisiese, verbale of seksuele misbruik binne of buite die skool nie en dit word ook gemodelleer deur die skool se personeel.
- *Onderrig die verskil tussen skinder en rapportering (telling and tattling)*
  Kinders is soms huiwerig om gevalle van boelie aan te meld omdat hulle bang is dat hulle dan beskou sal word as ‘n ‘skinder bek’. Hulle moet egter verstaan dat om te rapporteer impliseer hulp aan ‘n vriend(in) ten einde die ander persoon uit ‘n krisis te help. Daar kan byvoorbeeld ‘n spesifieke tel nommer net vir hierdie doel geskep word waar kinders anoniem enige geval sou kon aanmeld.

12.1 Olweus se model

Olweus se model wat reeds gedurende die tagtiger jare ontwikkel is, is mettertyd verfyn tot waarskynlik die bes nagevorsde en effektiewe program rondom boelie onder skoolkinders (vgl. Limber, 2011; Olweus, 1997; Olweus, 2003; Olweus, 2007; Solberg & Olweus, 2003). Volgens hierdie benadering word boelie getipeer deur die volgende drie kriteria:

- Aggressiewe of opsetlike benadeling / kwetsing (*harmdoing*)
- Die aksie vind herhaaldelik plaas, en oor tyd.

- Dit vind plaas binne ‘n interpersoonlike verhouding gekarakteriseer deur ‘n wanbalans van krag – die gedrag van boelie vind ook plaas sonder provokasie.

Die oogmerke hiervan is om bestaande boelie probleme by ‘n skool te verminder, die ontwikkeling van nuwe boelie probleme te voorkom en om verhoudings tussen mede-leerders te verbeter. Hierdie program se vier basiese vertrekpunte impliseer dat volwassenes:

- ‘n Gevoel van warmte, betrokkenheid en belangstelling sal toon ten opsigte van hul leerders.
- Ferm riglyne sal handhaaf rakende onaanvaarbare gedrag.
- Gebruik sal maak van konsekwente, nie-fisiese, nie-vyandige negatiewe gevolge vir die oortreding van reëls – hierby geïmpliseer is ook die monitering van leerlinge se gedrag in en buite die skool.
- Volwassenes tuis en by die skool sal optree as outoriteite en positiewe rolmodelle.

Hierdie beginsels wat vanuit navorsing rondom aggressiewe gedrag geformuleer is, is vervolgens vervat in spesifieke program komponente wat toegepas word binne die volgende vier vlakke:

- *Binne die skool*
  - Vestig ‘n *Boelie Voorkoming Koördinering Komitee* (BVKK).
  - Doen opleiding vir die BVKK en alle personeel.
  - Laat alle leerlinge ‘n boelie vraelys invul.
  - Hou groepbesprekings onder personeel.
  - Bespreek en stel die skool se reëls teen boelie bekend.
  - Doen ‘n oorsig van en verfyn die skool se toesighoudende sisteem.
  - Reël ‘n bekendstelling geleentheid waarby die hele skool betrek word en waardeur die boelie program formeel geloods word.
  - Betrek die ouers.

- *Binne die klaskamer*
  - Stel die skool se reëls rondom boelie op alle moontlike vlakke bekend en pas dit toe.
  - Hou gereelde (weeklikse) byeenkomste / besprekings in die onderskeie klasse ten einde die tema van boelie en aanverwante temas te bespreek.
  - Onderwysers moet vergaderings reël met die ouers van leerders in hul onderskeie registerklasse.
- *Op persoonlike vlak binne interaksie met die individu*
  - Daar moet supervisie en toesig wees rakende leerders se aktiwiteite.
  - Daar moet sorg gedra word dat personeellede tussenbeide sal tree op tonele waar boelie ook al waargeneem word.
  - Reël individuele gesprekke met slagoffers en oortreders.
  - Reël afsprake met die ouers van al die betrokke leerders (slagoffers en oortreders).
  - Ontwikkel individuele intervensie strategieë vir die betrokke studente volgens elkeen se situasie en persoonlike verhaal.

- *Binne die gemeenskap*
  - Betrek lede vanuit die gemeenskap by die BVKK.
  - Ontwikkel 'vennootskappe' (*partnerships*) met lede en instellings binne die gemeenskap ter ondersteuning van die skool se anti-boelie program.
  - Neem inisiatief ten einde anti-boelie boodskappe en gesonde beginsels binne die gemeenskap bekend te stel en te propageer.

12.1.1 Die Boelie Voorkoming Koördinering Komitee (BVKK)

Hierdie komitee se taak is om toe te sien dat die onderskeie komponente van die program konsekwent en getrou geïmplementeer word in die skool. Dit word oor die algemeen saamgestel uit 8-15 lede met verteenwoordiging van sleutel faksies by die skool, soos byvoorbeeld: administratiewe personeel, onderwysers, personeel wat 'n nie-onderrig funksie vervul, beraders / jeugwerkers / maatskaplike

werkers / sielkundiges, enige ander professionele kategorieë (soos byvoorbeeld ‘n verpleegkundige, ens.) en ouers. Lede van naskoolse programme of jeug organisasies of kerke sou ook by die BVKK betrek kan word.

Verantwoordelikhede van die BVKK sou veral rondom die volgende aktiwiteite kan fokus:

- Die die bywoning van ‘n algemene toerusting en opleiding geleentheid wat gefasiliteer word deur professionele persone rondom die tema van boelie.
- Die ontwikkeling van ‘n model waarvolgens ‘n effektiewe anti-boelie program vir die betrokke skool ontwerp word.
- Die kommunikering van so ‘n plan met die personeel, leerders en ouers van die skool.
- Die implementering van so ‘n program in noue samehang met die algemene toepassing van die skool se dissiplinêre kode.
- Toesien dat die nodige terugvoering verskaf word vanaf al die onderskeie sleutelrol aksies rakende die implementering van die program.
- Die bekendstelling en propagering van so ‘n program aan die breër gemeenskap.

Die praktyk het bevestig dat indien die BVKK effektief en vaartbelyn funksioneer, dit grootliks die sukses van die program as ‘n geheel bepaal. Hierdie komitee sal tipies maandeliks vergader (veral gedurende die eerste jaar). Dit is verder ideaal indien die voorsitterskap vervul sal word deur iemand wat deel van die skool se algemene bestuur en personeel op die terrein is.

12.1.2 Toerusting en opleiding

Nadat die lede van die BVKK hul aanvanklike opleiding ontvang het, is hulle verantwoordelik vir ‘n opleiding sessie van die personeel van die skool voordat die program amptelik geloods word. Verder moet daar dan ten minste by een geleentheid per jaar aanvullende opleiding wees, moontlik met betrekking tot

spesifieke areas. Daar moet ook seker gemaak word dat nuwe personeel die basiese toerusting ontvang.

12.1.3 Gebruikmaking van vraelyste

Die invul van ‘n vraelys (ten minste op ‘n jaarlikse basis) is ‘n belangrike komponent van ‘n suksesvolle boelie program (Limber, 2011:74). Dit bied gewoonlik ‘n goeie aanduiding van leerders se ervaring van boelie en ook hul standpunte daaroor. Grondige evaluering van die resultate van sulke vraelyste is uiteraard belangrik.

12.1.4 Personeel diskussie groepe

Van besondere belang rondom die implementering van ‘n suksesvolle anti-boelie program is die aanmoediging van diskussie groepe van onderwysers en ander skool personeel op ‘n gereelde basis. Hier moet indiepte besprekings plaasvind van die fenomeen van boelie en spesifieke aspekte van die program. Sulke groepe wat saamgestel moet wees uit nie meer as 15 persone nie, moet gelei word deur ‘n lid van die BVKK. Daar word aanbeveel dat hulle gedurende die eerste jaar ten minste maandeliks vergader en daarna verskeie kere gedurende die loop van die skooljaar.

12.1.5 Skoolreëls

Ten einde te verseker dat alle leerders en betrokke volwassenes duidelike insig het ten opsigte van die verwagtinge rondom hul optredes, word elke skool gevra om die volgende vier reëls te aanvaar:

- Ons sal nie ander boelie nie.
- Ons sal poog om leerders te help wat geboelie word.
- Ons sal poog om leerders in te sluit wat op een of ander wyse uitgesluit is.
- Indien ons waarneem dat iemand geboelie word sal ons ‘n volwassene by die skool en by die huis in kennis stel.

Hierdie reëls wat van toepassing is op direkte en indirekte vorme van boelie word so wyd moontlik binne die skool en gemeenskap bekend gestel en gereeld deur leerders bespreek. Personeellede van die skool pas konsekwente positiewe en negatiewe gevolge toe ten einde die reëls te bekragtig. Navorsing deur Olweus (Limber, 2011:75) het bevestig dat daardie klasse waar hierdie reëls spesifiek aanvaar is en konsekwent toegepas is, ‘n groter afplatting van die probleem van boelie ervaar het.

12.1.6 Klaskamer byeenkomste

Op ‘n weeklikse basis moet daar op klaskamers vlak ‘n bespreking plaasvind rondom die tema van boelie en aanverwante temas. Die bedoeling hiermee is onder andere die volgende:

- Samehorigheid binne die klas te vestig;
- die skep van geleenthede om reëls rondom boelie te bespreek;
- leerders te help om die onderskeie rolle te verstaan wat hulle moet vervul ten einde boelie te voorkom;
- die geleentheid te bied aan leerders om saam te besin rondom oplossings vir probleme rondom boelie deur middel van byvoorbeeld rolspel en ander strategieë.

In die implementering van Olweus se program binne die Amerikaanse milieu is bykomende moeite gedoen om onderwysers toe te rus rondom die fasilitering van klaskamer vergaderings. In hierdie opsig is bykomende program materiaal ontwikkel waardeur onderwysers gehelp word om hierdie byeenkomste effektief te lei. Dit sluit byvoorbeeld DVD’s in met voorbeelde van klas byeenkomste en met aktiwiteite wat ooreenstem met die ontwikkelingsvlak van die betrokke klas se kinders – deur middel hiervan kan diskussies dan gefasiliteer word. *“Results confirmed that teachers were ‘key agents of change’ with regard to adoption and implementation of the OBPP”* (BVKK; Limber, 2011:79).

12.1.7 Direkte ingrype en opvolg aksies

Afgesien van die maatreëls waarna reeds verwys is, is dit nogtans van kritiese belang dat skole opleiding, beleid en prosedures in plek sal hê om te verseker dat die voorkoms van boelie vinnig en effektief hanteer sal word wanneer dit kop uitsteek of vermoed word. Met die oog hierop moet skool personeel die nodige opleiding en toerusting ontvang ten einde prosedures in plek te kan kry dat die volgende gebeur:

- Dat enige personeellid in staat is om in ‘n gegewe situasie te kan inbeweeg wanneer boelie plaasvind, of dit vermoed word.
- Dat opvolg gesprekke met die betrokke leerders gevoer sal word, afhangende die behoefte en situasie. Daar word aanbeveel dat sulke opvolg gesprekke so ver moontlik ook bygewoon sal word deur die betrokke leerder se klasonderwyser of personeellid met wie die leerder die nouste band het. Tydens sulke gesprekke word ‘n duidelike boodskap gekommunikeer dat die boelie gestaak moet word en dat die situasie noukeurig gemonitor sal word deur volwassenes by die skool (en soms ook tuis).
- Aan leerders wat geboelie is, word ondersteuning gebied en veiligheid planne word saam met hulle ontwikkel soos wat nodig mag wees.

12.1.8 Ouerlike betrokkenheid

Ondersteuning deur ouers is ook ‘n belangrike faktor vir ‘n effektiewe anti-boelie program by die skool. Op skoolvlak word onderwysers aangemoedig om byvoorbeeld geleenthede soos die volgende te inisieer:

- Ouers uit te nooi na bekendstelling geleenthede.
- Die reël van byeenkomste van ouers, spesifiek gefokus op die tema van boelie.
- Gereelde kennisgewings aan ouers deur te stuur rondom die vordering en implementering van die anti-boelie program by die skool.
- Om aktiewe ouerlike betrokkenheid by die BVKK aan te moedig.

- Onderwysers word aangemoedig om twee tot drie ouerlike vergaderings per jaar op klaskamer vlak te reël waartydens die anti-boelie program bespreek word en ook samehorigheid en eenheid op hierdie vlak bevorder kan word.

12.1.9 Volwassene / kind interaksie

Olweus se intervensie program is verder gebaseer op ‘n gesagvolle (nie outoritêre) volwassene/kind interaksie model waarbinne spesifieke volwassenes aangemoedig word om verantwoordelikheid te neem en hulself te verbind aan ‘n spesifieke kind se totale situasie wat nie slegs hul akademie insluit nie maar ook hul sosiale verhoudings.

12.1.10 Betrokkenheid van kenners

Kenners soos skool sielkundiges, beraders en maatskaplike werkers vervul belangrike rolle as mede-beplanners en koördineerders in hul berading van onderwysers, ouers en leerders, veral met betrekking tot meer ernstige gevalle.

12.1.11 Verdere kenmerke en sub-doelwitte van Olweus se program

‘n Belangrike oogmerk van Olweus se program is om aktiewe betrokkenheid te bevorder by onderwysers en ouers. Dit sal onder andere impliseer dat volwassenes sal besef dat dit hul verantwoordelikheid is om grootliks te bepaal wat tussen kinders aan die gebeur is. Een manier om dit te bereik is om byvoorbeeld voldoende supervisie toe te pas tydens pouses by die skool. In gevalle van konflik sal gesprekke agterna apart plaasvind met die die boelie en slagoffer en hul ouers. In hierdie opsig is dit belangrik om tydens die persoonlike gesprekke elkeen se volle verhaal te verkry (veral ook dié van die boelies).

Verder word gepoog om duidelike reëls daar te stel ten opsigte van boelie, soos byvoorbeeld:

- Ons sal geen boelie optrede duld nie.
- Ons sal probeer om leerders te help wat geboelie word.

- Ons sal daarop let om leerders wat uitgeskakel / uitgesluit word uit groepe of aktiwiteite, weer in te trek.

Reëls soos hierdie kan ook as punte van diskussie gebruik word tydens besprekings in die klas rakende die betekenis van boelie, die implikasies vir slagoffers en moontlike tugmaatreëls teen boelie. Afgesien van strafmaatreëls moet onderwysers ook ruim erkenning gee waar die reëls korrek nagekom is.

Ondersteuning en beskerming aan slagoffer is ‘n verdere belangrike doelwit. In hierdie opsig sou onderwysers ook gebruik kan maak van die hulp van goed gebalanseerde en emosioneel stabiele leerlinge. Hulle sou mettertyd deel kon word van ‘n nuwe groep met wie die slagoffer en/of die boelie sou kon identifiseer as deel van hul genesingsproses. Selekman (2002:121) vertel byvoorbeeld hoedat hy soms jongmense wat reeds deur ‘n proses van heling is, betrek as ‘gas-beraders’ tydens sekere sessies waar hy individuele gesprekke sou voer met ‘n slagoffer. Sulke jongmense kan dan gewoonlik heelwat praktiese raad bied en voorstelle aan die hand doen omdat hulle deur dieselfde terapeutiese proses gegaan het.

Olweus (1997:506) moedig verder ook onderwysers aan om eie kreatiwiteit en inisiatief te gebruik ten einde slagoffers se selfbeeld in die klas te bou en hulle te begelei hoe om selfhandhawend (*assertive*) te kan optree. Ouers word ook aangemoedig om hul kinders te help om nuwe kontakte te vestig en hoe om vriendskappe in stand te hou.

‘n Wyse waarop dit vir kinders oor die algemeen makliker sal wees om insidente van boelie te rapporteer, is wanneer daar in elke klaskamer ‘n houer is waarin enige leerling enige tyd ‘n briefie met inligting kan plaas. Deur sulke houers in die klaskamers te plaas, vergemaklik dit die hele proses en voel leerders ook meer veilig om deel te neem aan die proses.

> *“Most cities have hotlines where citizens can report crime anonymously. Why shouldn’t our children have the same protection?*

If we want to stop bullying, we have to make it safe for the kids who see it to report it" (Boyd, 2012:80).

Skole sou dit ook deel van hul toelatingsvereistes kan maak dat leerders by duidelike reëls hou wat hul gebruik van digitale media betref. So sou ‘n skool met ‘n effektiewe anti-boelie program byvoorbeeld platforms kan bied soos ‘n blog of SMS-lyn, waar slagoffers en hul vriende die boelies (anoniem) aan die kaak kan stel. Verder sou leerders wat byvoorbeeld skrander is met rekenaar program-mering gevra kon word om ‘n toepassing (*app*) te ontwerp waardeur leerders anoniem klagtes aan die skool se bestuur kan deurgee (Seale, 1013:56).

12.1.12 Resultate

In skole waar effektiewe anti-boelie programme geïmplementeer is, was daar ‘n drastiese daling in jeugmisdaad, vandalisme, onaanvaarbare gedrag en gevalle waar dissiplinering en tug toegepas moes word. In ‘n projek by skole in Philadelphia in Pennsilvanië in die VSA, het die voorkoms van boelie binne ‘n periode van vier jaar met 45% gedaal (Limber, 2011:81).

In Bergen in Noorweë is Olweus se program toegepas by 42 laer- en junior hoërskole met kinders rondom die ouderdom van 11-14. Die resultate na 2,5 jaar was die volgende:

- ‘n Daling van 50-70% betreffende boelie/slagoffer probleme.
- ‘n Duidelike afplatting in algemene antisosiale gedrag soos vandalisme, bakleiery, stelery, dronkenskap en wegbly van die skool af.
- Duidelike verbetering van die ‘sosiale klimaat’ binne klasse, verbeterde orde en dissipline, meer positiewe sosiale verhoudings en ‘n meer positiewe houding teenoor die skool en huiswerk – terselfdertyd ook ‘n toename in leerders se gevoel van satisfaksie rakende skoollewe.
- Die program het ook nie slegs ‘n positiewe invloed gehad op bestaande gevalle van viktimisering nie maar ook die getal van nuwe aanmeldings

drasties laat verminder. Die program het dus beide ‘n primêre en sekondêre voorkomende rol vervul.

Die tipiese boelie situasie kan volgens Olweus (1997:506) ‘n ideale geleentheid skep om te deel met ‘n verskeidenheid van ander probleme wat onderliggend mag wees by die betrokke slagoffer en/of oortreder en hul gesinne. Met dit in gedagte beskryf Olweus sy program as *“... a whole school policy approach towards bullying.”*

13 Pastorale perspektiewe

Indien ‘n kind se emosionele behoeftes vervul is dan is daar ‘n kleiner waarskynlikheid dat so ‘n kind betrokke sal raak by teistering en geweld teenoor ander kinders, of self ook geboelie sal word (Salzwedel, 2009:96). Met ‘emosionele behoeftes’ word veral verwys na aspekte soos genoeg liefde, erkenning, waardering, sekuriteit, balans, gebalanseerde dissipline, ens., wat vryelik beskikbaar is vir hierdie kind tydens sy/haar ontwikkeling fases.

13.1 Die kind se identiteit in Christus

Verder is dit ook so dat ‘n kind met ‘n gesonde selfbeeld en genoeg selfvertroue innerlik veilig gaan voel en geen abnormale drang na erkenning sal hê nie. ‘n Deurslaggewende faktor in hierdie verband is dat so ‘n kind sal weet wie hy/sy in Christus Jesus is – hier gaan dit onder andere ook oor basiese geloofsekerheid (Anderson & Park, 2003:46-47, 51, 93-95).

13.2 Swak dissipline en ‘n gebrek aan grense

Swak dissipline en ‘n gebrek aan grense dien as verdere belemmerende faktore wat kinders vreemde en selfs wrede goed laat aanvang. Indien daar nie duidelike en konsekwente grense neergelê was tydens die vormingsjare nie dan gaan dit vir so ‘n kind baie maklik wees om voortdurend buite sy/haar eie grense te beweeg en ook maklik oor ander persone se grense te beweeg (Kremer, 2013:96; Limber, 2011:72). In hierdie opsig sal dit nodig wees om basiese Bybelse beginsels rondom grense saam met so ‘n

jongmens deur te werk. In hierdie verband gee Cloud en Townsend (2017:260ev.) die volgende tersaaklike perspektiewe:

- Die konsep van grense kom vanuit die wese van God. Hy definieer Homself as ‘n onderskeie en aparte Wese en Hy is ook verantwoordelik vir Homself. Hy definieer en neem ook verantwoordelikheid vir Sy persoonlikheid deur aan ons duidelik in Sy Woord te kommunikeer wat Hy dink, voel, beplan, toelaat, nie sal toelaat nie, waarvan Hy hou en ook dit wat Hy verafsku. God beperk verder ook baie duidelik dit wat Hy sal toelaat binne Sy grense. Hy konfronteer sonde en laat sekere gevolge toe betreffende mense se onverantwoordelike gedrag.
- Verder respekteer God ook die mens se grense en Hy verwag dat die mens dit ook in hul verhouding met Hom en hul medemens sal doen. Kinders en jongmense moet dus onderrig word aangaande hul eie grense, beperkinge en tekortkominge, maar terselfdertyd ook hul gawes, talente en sterkpunte - dit vestig onderskeidingsvermoë.
- Waar daar ‘n gebrek is aan limiete of grense wat nie konsekwent toegepas was nie lei dit dikwels tot iemand wat nie die vermoë het ‘*to delay gratification*’ nie. So ‘n persoon aanvaar baie moeilik ‘nee’ as ‘n antwoord; vind dit baie moeilik om te wag op die vervulling van sekere behoeftes en begeertes; vergryp hulself baie maklik wanneer daar oorvloed is en kan hulself ook moeilik in iemand anders se skoene plaas. Ook rondom ‘n probleem soos hierdie sal basiese Bybelse waarhede saam deurgewerk moet word rondom konsepte soos om te kan wag op God se tyd, lankmoedigheid, geestelike uithouvermoë en geestelike volharding.

13.3 Kinders moet geleer word wat aanvaarbaar is en wat nie

Selfsug en die eie ego het oorheersende faktore geword in die tyd waarin ons leef en kinders moet geleer word wat aanvaarbaar is en wat nie. Die Bybelse roeping tot dissipelskap is baie nou gekoppel aan ‘n lewe van diensbaarheid aan God en die naaste asook ‘n lewe waar die dominerende ego op die agtergrond geskuif het (vgl. Mat 16:24; 20:28; Hammond, 2010).

13.4 Die toerusting en skoling van jongmense

Kinders en jongmense sal opgeskerp en toegerus moet word rondom die problematiek van boelie. Dit sal deur die skool, die ouers en die kerk gedoen moet word. Kinders wat in hierdie opsig die nodige vaardighede geleer het gaan baie minder kwesbaar wees om in die strikke en slaggate van boelie te beland (Huddleston, 2015:105).

'n Verdere aspek waaraan besondere aandag gegee kan word is om kinders en jongmense se vermoë om vooruit te kan dink en te beplan, te stimuleer. Daar is reeds gemeld dat hierdie proses verband hou met die groeiproses van die frontale lobbe. Deur gereeld verskillende scenario's met 'n kind deur te werk (ook byvoorbeeld deur rolspel) kan die kind al beter toegerus en voorbereid raak vir wanneer hy/sy hulself in 'n moeilike situasie bevind met byvoorbeeld 'n boelie (Limber, 2011:76; Diamond & Lee, 2011:961). Dit gaan dus hier oor 'n Bybelse beginsel van beplanning en strategie met die oog op die toekoms (vgl. Luk 14:28-30, 31-31).

13.5 Behandel ander soos jyself behandel wil wees

Die beginsel soos verwoord in Mat 7:12 is van kardinale belang (die sogenaamde goue reël) en indien kinders dit hul eie gemaak het dan bepaal dit deurgaans hul interaksie met ander (Rademeyer, 2017):

:

> *"Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen..."*

13.6 Die aktivering van empatiese vermoëns

As gevolg van oormatige blootstelling aan die digitale wêreld vind daar 'n al groter mate van desensitisering plaas by kinders en jongmense. Gevoelens van empatie, simpatie en meelewing met ander raak dus afgestomp en daarom raak kinders maklik betrokke by aksies van boelie (Pellican & Chapman, 2014:45). In hierdie verband verwoord Boyd (2012:70) die onderhawige uitdaging aan ouers en onderwysers as volg baie treffend:

> *"The most significant discovery we can guide them to is finding their empathy, and the God who first gave it to them."*

13.7 Jesus Christus se hantering van boelies

Boyd (2012:82-86) gee ‘n baie sinvolle bespreking van die wyse waarop Jesus Christus teenoor boelies opgetree het. Eerstens kan die volgende algemene beginsels vanuit Sy optredes teenoor hulle afgelei word:

- Vergewe die boelies, maar moet hulle nie vertrou nie (tensy dat daar natuurlik radikale inkeer plaasgevind het).
- Hy het Sy afstand gehandhaaf wanneer daar gevaar was.
- Hy het deurgaans gefokus op Sy eie doelwitte, naamlik genesing en verlossing van individue.
- Hy het geweier om aan hulle status te verleen.
- Hy het in die bresse getree vir diegene wat geboelie is.
- Hy het slagysters en strikke vermy wat boelies vir Hom gestel het.
- Hy het nooit die rol van ‘n slagoffer ingeneem nie (al was dit so dat Hy uit vrye wil Homself toegelaat het om gekruisig te word vir ander se sondes, maar wel op die Godgegewe tyd). Hy was deurgaans die oorwinnaar en nie die slagoffer nie.

Teen die agtergrond van hierdie sewe stellings word die volgende nege praktiese riglyne gegee met betrekking tot die persoonlike hantering van die boelies:

- Wees ferm en nie onderdanig nie (*bold, and not timid*).
- Wees bewus van jou krag en sterkpunte in Christus Jesus.
- Rus jouself geestelik en emosioneel toe (*empower yourself*) en gebruik jou stem.
- Wees op die uitkyk vir slagysters en vermy dit.
- Handhaaf jou distansie.
- Vergewe boelies, maar moet nie te gou vertrou nie (tensy dat daar duidelike tekens van berou en heling is).
- Weier om geïntimideer te word.
- Sorg dat jy oor ‘n ondersteuning stelsel beskik.
- Evalueer jou lewensoogmerke en leef dit uit deur die krag van die Heilige Gees.

Boyd (2012:82-86) bespreek die volgende twee voorbeelde met betrekking tot Jesus se hantering van boelies.

13.6.1 Die situasie in die tempel

Jesus het die uitbuiting van armes en ook korrupsie gekonfronteer binne die daaglikse aktiwiteite van die tempel in Jerusalem. Diere wat geoffer sou word moes eers in die tempel ondersoek word om seker te maak dat hulle nie gebreklik was of ander groot skete gehad het nie. Die geldwisselaars en oneerlike godsdienstige beamptes het egter ‘n geslepe manier bedink om ekstra geld te bekom. Hulle sou enige onbeduidende vlekkie of tekortkoming aan die diere uitwys en die betrokke gesin dan dwing om ‘n ander dier by hulle te koop – teen ‘n verhoogde prys natuurlik.

Dan was daar ook die geldwisselaars wat die Romeinse en Griekse geldeenhede gewissel het teen groot winsgrense. Dit was omdat slegs Joodse munte gebruik kon word vir die halfsikkel tempel belasting (Ex 30:15) omdat die menslike afbeeldinge op die heidense munte as afgodediens beskou is (Boyd, 2012:83; Walvoord & Zuck, 2002:254).

Die buitenste tempel area was verder veronderstel om primêr ‘n area van gebed te wees vir toegewyde bekeerlinge vanuit die heidendom. Inteendeel het dit egter ‘n kortpad geword vanaf een deel van die stad na ‘n ander deel. Die geraas en argumentering van geldwisselaars en die geskree van handelaars om mense te oorreed om hul diere te koop, moes oorverdowend gewees het. Om te kon bid en op God te fokus sou dus bykans onmoontlik gewees het.

By meer as een geleentheid het Jesus ontsteld geraak oor die wyse waarop hierdie klomp skelms (en hulle sou beskryf kan word as ‘n klomp ‘boelies’) sy Vader se huis van gebed asook die armes misbruik het. Almal het geweet van hierdie onreg en mense het waarskynlik by die godsdienstige amptenare gekla daaroor. By geleentheid het Jesus hulle dan ook daar uitgejaag en hul tafels omgekeer (Joh 14:2). Daar was niemand anders wat bereid was om op te staan behalwe Hy, ter wille van die armes wat God probeer eer het deur hul offers (Walvoord & Zuck, 2002:254).

13.6.2 Jesus verdedig vir Maria

Hierdie gebeure het plaasgevind Betànië tydens ‘n geleentheid toe Jesus ‘n ete geniet het saam met Sy vriende en dissipels. Martha het Hom bedien terwyl haar broer Lasarus, wat hy Hy uit die dood laat opstaan het, ook daar was. Lasarus se ander suster, Maria het toe baie duur nardussalf op Sy voete en enkels uitgegooi en dit met haar hare afgedroog. Die Skrif sê (Joh 12:3) dat die huis gevul was met die reuk van die salf. Judas het egter slegs geld geruik want hy was ook die een wat gereeld geld vasgelê het vanuit die klein bietjie fondse wat hulle gehad het. Hierdie ‘boelie’ wat dus uiteindelik ook vir Jesus sou verraai vir 30 silwerstukke, het nou vir Maria gekonfronteer oor haar opofferende daad teenoor Jesus (vgl. Gingrich, 2009:1006). *“Waarom is hierdie salf nie vir drie honderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee nie?”* Hierop het Jesus gereageer: *“Laat haar staan; sy het dit bewaar vir die dag van my begrafnis. Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie.” “Laat haar staan.”* Met hierdie drie woorde het Jesus Homself as’t ware tussen die ‘boelie’ en Maria geplaas[1]. Net deur hierdie drie woorde kan enigeen by geleentheid keer dat iemand verneder en bespot word. Jesus het nog verder gegaan en haar daad geprys en erkenning gegee aan haar diepere insig met betrekking tot Sy komende dood. *“Laat haar staan,”* was genoeg om die proses van boelie te stop. Deur ook nog positiewe kommentaar by te voeg het aan Maria haar status en selfrespek terug gegee. Hierdie is ‘n groot geskenk om aan iemand te gee in die teenwoordigheid van ‘n boelie en bystanders. “*When we do this, we move from bystander to defender to advocate”* (Boyd, 2012:85; vgl. ook Wright, 2009:554).

14 Samevattend

Die vernietigende impak van boelie op emosionele, fisiese en geestelike terrein het duidelik na vore gekom in hierdie artikel. Statistieke rondom boelie en die gevolge daarvan in Suid-Afrika noodsaak drastiese besinning en proaktiewe beplanning deur skole, kerke, jeugorganisasies en alle verdere tersaaklike rolspelers.

[1] Judas se dominerende houding word as volg deur Thatcher (1996:442) beskryf: *“Judas sought to control both Jesus and Mary by forcing the Savior to rebuke her.”*

Die faktor van kuberboelie het ook geblyk tans oorweldigend prominent te wees en die bemagtiging en toerusting van ouers, onderwysers en ander betrokkenes is gevolglik van kritiese belang. In hierdie verband is daar besonder gefokus op die model van Dan Olweus wat reeds met groot welslae in talle skole wêreldwyd geïmplementeer is. Uit die bespreking hiervan het geblyk die absolute noodsaaklikheid van die implementering van so ‘n program by elke skool. Met die nodige aanpassings sou die belangrikste elemente van hierdie model basies binne enige konteks waar daar met kinders gewerk word, toegepas kan word.

‘n Verdere belangrike perspektief wat na vore gekom het is die feit dat wanneer ‘n kind se emosionele behoeftes vervul is, daar ‘n veel geringer waarskynlikheid is dat so ‘n kind betrokke sal raak by teistering en geweld teenoor ander kinders, of self ook geboelie sal

word. Aspekte wat in hierdie verband geblyk het belangrik te wees, is die volgende:

- ‘n Gevestigde identiteit in Christus.
- Gesonde Bybelse grense.
- ‘n Lewe van diensbaarheid aan God en die naaste.
- Toerusting rondom kommunikasie- en verhoudingsvaardighede.
- Toerusting rondom Bybelse beginsels van beplanning en strategie.
- Handhawing van die goue reël van Mat 7:12.
- Aktivering van empatiese vermoëns.

Kate MacHugh is geboelie as kind. Tans is sy ‘n maatskaplike werkster en het sy ‘n boek geskryf met die titel: ‘*Ugly: The story of a bullied girl’* (2013) Ten slotte kan daar saam met haar as volg gekonkludeer word:

> *"At the end of the day I realize we can't save the world... The way we make our mark is doing one school, one community, one parent group, one area at a time, to truly hope it has that ripple effect"* (MacHugh, 2013:72).

Anderson, T. & Park, D. 1993. Overcoming negative self-image. Ventura, CA: Regal.
Anon. 2018. Parents of South African schoolboy killer say son dabbled in satanism. http://www.blabbermouth.net/news/parents-of-south-african-schoolboy-killer-say-son-dabbled-in-satanism/ Datum van toegang: 17 November, 2018.
Anon. 2017a. *The shock and pain of cyber-bullying*. https://www.bbc.com/news/uk-northern-ireland-41687882# Datum van toegang: 21 June, 2018.
Anon. 2017b. *Teeth-grinding in teens "a sign of being bullied"*. http://www.bbc.com/news/health-40593028 Datum van toegang: 17 Julie, 2018.
Anon. 2018. *Social media firms "failing" to tackle cyber-bullying*. https://www.bbc.com/news/technology-43197937 - BBC News. Datum van toegang: 21 Junie 2018.
Boyd, S.K. 2012. *The book on bullies*. Nashville, TN: WestBow Press.
Chapman, G. & Pellicane, A. 2014. *Growing up social*. Chicago, IL: Northfield Publishing.
Cloud, H. & Townsend, J. 2017. *Boundaries*. Grand Rapids, MI: Zondervan.
CovenantEyes. 2013. *A parent's guide to cyberbullying*. Owosso, MI: CovenantEyes, Inc. https://www.covenanteyes.com/a-parents-guide-to-cyberbullying/.
Diamond, A. & Lee, K. 2011. Interventions shown to aid executive function development in children 4–12 years old. *Science*. 333(6045):959–964. DOI: 10.1126/science.1204529.
Donnelly, D. 2014. Bullying basics. The South-African depression and anxiety group. http://www.sadag.org/index.php?option=com_content&view=article&id=2187:bullying-basics&catid=58&Itemid=132 Datum van toegang: 17 November, 2018.
Goldman, L. 2001. *Breaking the silence*. Second ed. New York, NY: Brunner-Routledge.
Hammond, P. 2012. *Bullying - A Biblical perspective*. https://www.frontline.org.za/index.php?option=com_multicategories&view=article&id=202:bullying-a-biblical-perspective&catid=32:persecution-cat Datum van toegang: 21 April 2016.
Hart, A.D. & Hart Frejd, S. 2013. *The digital invasion*. Grand Rapids, MI: Baker Books.
Huddleston, B. 2012. *Dark side of technology*. Stuarts Draft, VA: Brad Huddleston Ministries.

Huddleston, B. 2015b. *Digital cocaine. A journey toward iBalance*. Stuarts Draft, VA: Brad Huddleston Ministries.
Khan, J. 2017. Death by social media. *The New Age*. (February):26.
Kremer, W. 2013. *Bully in the next bedroom - are we in denial about sibling aggression?* http://www.bbc.co.uk/news/magazine-24639063. Datum van toegang: 4 November, 2013.
Kriek, F. 2018. *Bullying: An overview*. www.mindmuzik.com Datum van toegang: 24 Februarie, 2018.
Lee, R. 2018. *Bullying and mental health consequences*. https://psychcentral.com/lib/bullying-and-mental-health-consequences/?li_source=LI&li_medium=popular17 Datum van toegang: 22 Maart, 2018.
Leopold, T. 2013. *How to counter online bullies*. http://edition.cnn.com/2013/10/30/tech/web/cyberbullying-vigilantes/index.html?iid=article_sidebar Datum van toegang: 31 Oktober, 2013.
Limber, S. 2011. Development, evaluation, and future directions of the Olweus bullying prevention program. *Journal of school ciolence*. 10:71–87.
Lo, I. 2012. I am the bully generation. *City Press Magazine*. (April):23–24.
Mental Health America. 2018. *Bullying: Tips for parents*. http://www.mentalhealthamerica.net/bullying-tips-parents Datum van toegang: 23 Julie, 2018.
Olweus, D. 1997. Bully/victim problems in school: Facts and intervention. *European journal of psychology of education*. 12(4):595–510.
Olweus, D. 2007. *Olweus bullying prevention program. Frequently asked questions*. https://www.google.co.za/search?source=hp&ei=mCgmW7GDGYL36ATdpoaAAw&q=Olweus+bullying+prevention+program.+Frequently+asked+questions&oq=Olweus+bullying+prevention+program.+Frequently+asked+questions&gs_l=psy-ab.3...7769.7769.0.11467.3.2.0.0.0.0.278.278.2- Datum van toegang: 24 April, 2018.
Olweus, D. 2007. *Olweus bully questionnaire background*. http://www.hazelden.org/OA_HTML/ibeCCtpItmDspRte.jsp?AID=10273664&PID=3444383&item=10892&sitex=10020:22372:US&HZPRD=plx0KKc5hkO12CNxmWwZX7GdMy

&HZPRD_pses=ZGD8F0F210A6F55A62D87A5C689CA9E346B50A51F9C6471AFA7041BE23620F3B78F3BA0BB44612D6A370EA71C40E49CDFF Datum van toegang: 24 April, 2018.

Payne, A. & Van Belle, J.P. 2017. *The nature and impact of cyberbullying and cyber-harassment in South African schools*. https://aisel.aisnet.org/cgi/viewcontent.cgi?article=1478&context=amcis2017 Datum van toegang: 23 Julie, 2018.

Rademeyer, A. 2017. Afriforum help skole om afknouery hok te slaan. *Forum Tydskrif*. 32.

Roodt, E. & Greeff, P. 2012. Ma's se persepsies van hoe afknouery gesinne beïnvloed. *LitNet Adademies*. 9(2):686–700.

Salzwedel, I. 2009. Ons kinders. Vanwaar die geweld? *Rooi Rose*. 94–96.

Selekman, M.D. 2002. *Living on the razor's edge*. New York, NY: W.W. Norton & Company.

Solberg, M.E. & Olweus, D. 2003. Prevalence estimation of school bullying with the Olweus bully/victim questionnaire. *Aggressive behavior*. 29:239–268.

Trollinger, S.E. 2011. *Teens and families in crisis. Five keys to heal*. La Vergen, TN: Lightning Source.

Waasdorp, T.E. & Bradshaw, C.P. 2015. the overlap between cyberbullying and traditional bullying. *Journal of Adolescent Health*. 56:483–488.

Wakefield, J. 2017. *Instagram tops cyber-bullying study*. http://www.bbc.com/news/technology-40643904 Datum van toegang: 15 Oktober, 2017.

Walvoord, J. & Zuck, R.B. 2002. *The Bible knowledge commentary: Old & New Testament*. Colorado Springs, CO: David C. Cook.